# Nuusbrief 2/2025

**17 Desember 2025**

## In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opleidingsvideos nou beskikbaar**
- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Mobile toep opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die nuutste opgradering?**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Opleiding opsies**

Om die Engelse weergawe asook vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

## Nuwe opleidingsvideos beskikbaar

BenguelaSoft (by naam Tim Pauw) het sedert Februarie nog 'n paar opleidingsvideo's ontwikkel wat sekere aspekte van die BenguFarm-rekenaarsagteware sowel as die BenguFarm-Mobile toep dek.

YouTube Ondersteuningsvideo's: Besoek asseblief ons YouTube BenguFarm Ondersteuningskanaal by: youtube.com/@BenguFarm

Benewens die opleidingsvideo's wat sekere aspekte van BenguFarm dek, is die volgende materiaal beskikbaar vir BenguFarm selfopleiding en bystand:

- 'n Omvattende handleiding (Engels en Afrikaans) is beskikbaar op die BenguFarm webwerf www.bengufarm.co.za by Downloads > Manuals.
- 'n Baie gebruikersvriendelike hulpfunksie [**? Hulp**] met stap-vir-stap instruksies is op meeste van die skerms in BenguFarm beskikbaar.

**Het jy geweet?** Op BenguFarm se hoofskerm by **Hulp** is daar skakels om die handleidings af te laai, asook 'n skakel na die YouTube BenguFarm Ondersteuningskanaal.

## Nuwe Opgradering – BenguFarm BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en PIGS

**Daar is die afgelope nege maande talle nuwe funksies en verslae ontwikkel. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.**

**Installeer asseblief die nuwe sagteware opgradering (v7 November 2025)** om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Om jou BenguFarm te opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm**, gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na **Lêer > Opgradeer vanaf Web** en volg die instruksies.
- **Indien jou rekenaar se antivirus sagteware die web-opdaterings funksie in BenguFarm blok, mag dit nodig wees om "Exceptions" te stel sodat die opdatering kan installeer.** Hierdie foutiewe klassifisering van 'n veilige program as skadelik staan in die anti-virus bedryf bekend as 'n "false positive". Die instruksies hoe om "exceptions' te stel, verskil van anti-virus tot anti-virus sagteware. Verwys na jou anti-virus sagteware se hulpdokumentasie en/of kontak jou BenguFarm agent om te help. Die leêrs wat gewoonlik so foutiewelik geblok word is die opdateringsprogram, BBAutoUpdate48.exe (of die ouer weergawe BBAutoUpdate.exe). Die leêrs is geleë in die BenguFarm installasie gids, gewoonlik C:\Program Files (x86)\BenguelaSoft\BenguFarm\.

# Nuwe Opgradering – BenguFarm MOBILE toep

**Installeer asseblief die nuwe opgradering (v7 September 2025)** om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik en seker te maak dat dit sal sinchroniseer met die hoofprogram op jou rekenaar.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **BenguFarm MOBILE vir Android**: Regs bo-aan die BenguFarm Mobile se hoof kieslys, druk op die drie kolletjies en kies Kyk vir Opgradering / Check for Update **OF** gaan op die Android foon / tablet na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates > Download and Install BenguFarm (TM) MOBILE 7 September 2025 Update. Laai af en installeer die opgradering vir Android.
- **BenguFarm MOBILE vir Apple**: 'n Apple selfoon of tablet sal, indien so gestel, outomaties die nuutste opgradering aflaai en installeer.

# Nuwe Opgradering – BenguFarm GENETICS

**Installeer asseblief die nuwe opgradering (v12 September 2025)** om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kan kry.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **Om jou BenguFarm GENETICS module te opgradeer,** gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates > Download and Install BenguFarm (TM) GENETICS v12 September 2025 Update. Laai af en installeer die opgradering.

# Wat is nuut in die nuutste opgradering?

## All modules:

- Baie Belangrik: **RIMS Naspeurbaarheid integrasie:**
  - Teen hierdie tyd is die meeste produsente in die bedryf bewus van RMIS se naspeurbaarheidsplatform waardeur diere deur die verskaffingsketting nagespeur kan word. BenguFarm het die implimentasie gedoen en is gesertifiseer om met RMIS se naspeurbaarheidsplatform te integreer.
  - Hiervoor moet 'n GLN nommer(s) opgestel word by Opstellings > Kuddes > Algemeen: GLN Nommer. Die GLN-nommer wat hier ingevoer word, word as die kudde se verstek GLN gebruik. Addisionele GLNs kan opgestel word deur aan die linkerkant van die skerm te gaan na "My GLN Nommers".
  - Kontakte (bv. kopers) se GLN-nommers kan aangeteken word deur die nuwe "GLN Nommer" veld op die kontakteskerm. [Opstellings > Kontakte].
  - Die RMIS Integrasieskerm is beskikbaar by Data Stuur / Trek In > RMIS Naspeurbaarheid.

- Dis belangrik dat jy, behalwe jul GLN nommers, jul "RMIS Deelnemer Sleutel" (Participant Access Key) by RMIS kry. Ten tye van hierdie skrywer is RMIS se instruksies om dit op die RMIS-platvorm (https://productionunit.rmis.co.za/) aan te teken en op die "Traceability Token"-knoppie te kliek. Op die "Traceability Token" skerm moet die instruksies gevolg word waarna die sleutel aan die gebruiker per Whatsapp gestuur word. Hierdie sleutel moet aan die bokant van die RMIS Naspeurbaarheidskerm ingevoer word. Die sleutel is soos 'n wagwoord waardeur jy toegang kry om vir jul toegekende GLNs RMIS Naspeurbaarheidstelsel te mag kommunikeer.
  - Volg die stap-vir-stap **Hulp** instruksies op die RMIS naspeurbaarheid integrasieskerm vir hulp hoe om oordragte en dier oordrag groep(e) vir 'n spesifieke oordrag te skep asook hoe om oordragte en diere te ontvang.
- Belangrik: Tru-Test XR5000 skaal skerm (Data Stuur / Trek In > Tru-Test XR500 Skaal Integrasie):
  - Trek Skaaldata In: Diere wat se VID in BenguFarm verskil van die VID op die skaal se VID soos in BenguFarm word in rooi verlig ("highlight"), in ag genome dat diere by verstek op EID gesoek word wanneer diere vanaf die skaal ingetrek word.
  - Trek Skaaldata In: 'n Funksie "Sluit Diere Uit" is onderaan die skerm bygevoeg om diere wat in die "K" kolom gemerk is uit die sessie te haal en so gekeer word dat hulle en moontlik EID ver-andeinge, ingetrek word.
  - Eksporteer Dierdata na Skaal: Die Funksie "Verwyder Diere sonder EIDs op BenguFarm vanaf Skaal" is uitgebrei. Op die "Verwyder XR5000 Diere" skerm wat opkom, is 'n opsie "Verwyder Diere wat slegs 'n Stepieskode op die Skaal het" bygevoeg. Dis by verstek afgeskakel. Indien dit aangeskakel word, sal diere vanaf die skaal verwyder word wat slegs 'n strepieskode het. Die diere met slegs strepieskodes is meestal afkomstig vanaf wolmonsters wat gelees word met die EID leser wat getel is om slegs die laaste 12 karakters (van 15) van die EID te lees. Hierdie word as die strepieskode beskou. Aangesien die strepieskode nie met 'n EID ooreenstem nie, skep die skaal 'n nuwe dier vir elke strepieskode wat geskandeer word. Die nuwe opsie sal diere wat op die XR5000 skaal voorkom en slegs 'n strepieskode vir identifikasie het, vanaf die skaal verwyder.
  - Eksporteer Dierdata na Skaal: Die "Vee Alle Diere op Skaal Uit" funksie is uitgebrei om diere wat slegs 'n strepieskode ("barcode") het, uit te vee. Dit was vroeer nie moontlik nie want die funksie het verwag daar moet 'n EID en/of VID vir die dier op die skaal wees. **BAIE BELANGRIK**: Maak seker alle data op die skaal is ingetrek *voordat* diere vanaf die skaal verwyder word, anders gaan daardie skaaldata verlopre wees.
  - Skaaldata (sessies) wat met DSS Gunstelinge ("favourites") aangeteken is, kan nou direk in Ben-guFarm ingetrek word. Waar 'n sessie gelaai word en die definisie met 'n DSS gunsteling ooreen-stem, kan die gebruiker vanaf 'n keuse skerm kies of die data skaalveldopstellings se skaalveldkop-peling ingetrek moet word, of die DSS definisie gebruik word. Die DSS definisie sal in so 'n geval by verstek gemerk wees en die aanbevole manier wees om so 'n sessie in te trek. BeguFarm gun-stelinge sal in die komende maande geïmplimenteer word vir gebruikers wat verkies om data met behulp van gunstelinge op die skaal in te voer.
- Belangrik: Die stuur en vertoon van nuusbulletins binne BenguFarm is ontwikkel (Hulp > Kennisgewingbord). Belangrike kennisgewings sal van tyd tot tyd hier geplaas word wat onder andere inligting verskaf oor nuwe ontwikkelings, opdaterings, administrasie-verwante aankondigings, bekendstelling van nuwe YouTube-video's en inligting oor opkomende kursusse. E-pos kommunikasie woord in die proses afgeskaal om net die heel belangrike inligting, saam met 'n kennisgewing, ook met e-pos te versprei. Hierdie is ons poging om nie jou "Inboks" met baie e-posse te vul nie.
- In die Reproduksie menu is 'n nuwe skerm "Opdateer Geboortedata van Moeder-gekoppelde Kalwers/Lammers bygevoeg. Hierdie skerm word gebruik om die geboortedatums van die laaste lammers wat aan 'n moeder gekoppel is, te opdateer. Terselfterdtyd kan gekies word om die vaders van die lam-mers outomaties op te dateer volgens die dekgeskiedenis van die moeders.
- In die Ander Data menu is 'n nuwe funksie "Kudde Notas" bygevoeg. Die die doel met kudde notas is om algemene notas ten opsigte van die kudde as *geheel* aan te teken en notas van die verlede op te kyk. Kudde notas kan op die Dier Uitleg van die hoofskerm op die Kudde Notas opkykskerm opgekyk word.
- Die uitslae van Sementoetse kan nou aangeteken word by Reproduksie > Sementoetse. Hierdie data kan opgekyk word op die hoofskerm se Dier Uitleg > Sementoets opkykskerm. Hierdie skerm sal later uitgebrei word om addisionele data van Teelgeskiktheidstoetse ("Breeding Soundness Tests") in te sluit.

- Opstellings > Kuddes > Algemeen:
  - Belangrik: GLN Nommer("Global Location Number") is bygevoeg. Hierdie veld is van toepassing op RMIS se naspeurbaarheid platvorm waarmee BenguFarm integreer.
  - Brandmerk veld bygevoeg. Hierdie veld is slegs van toepassing op kuddes wat van BKB se DSS dienste gebruik maak.
- Veeverwydering sertifikaat verslag: 'n Veld vir die GLN ("Global Location Number") is bygevoeg
- Die agtergrondkleure in BenguFarm is verander van helder na pastel.
- Hoofskerm > Groep Filter: Die aantal diere tans in 'n groep word nou vertoon in die # kolom.
- Hoofskerm > Dier Uitleg > Gewigte subskerm: Die vertoon van die gewigte, GDT en GDO op die grafiek is verander.
- Reproduksie > Onbekende Lammers/Kalwers: Die volgende opsies is bygevoeg:
  - Slegs Vroulike Diere met Dragtigheidsdatum Voor.
  - Nommering: Voeg Karakter By aan Einde van Volgnommer.
- Op die Unistel Diere Dienste DNA Vorm skerm is 'n opsie "Bepaal slegs Vaderskappe met Ouerskappe" aangebring na aanleding van navrae uit die bedryf waar telers wil hê dat UniStel slegs vaderskappe bepaal en nie ook moederskappe nie. Die vorm sal in so 'n geval nie die genomineerde moeders bevat nie.

## Sheep & Goats module:

- Oos-Friesland en Assaf skaaprasse bygevoeg in die rasse lys.

## Beef module:

- Belangrik: Die nuwe Logix karkas- en vleiskwaiteitverwante teelwaardes is bygevoeg.
- Belangrik: Die Wagyu ras is verdeel in twee sub-rasse, nl. WGU (Purebred Wagyu) en CWB (Certified Wagyu Beef) en die afdelings vir beide sub-rasse is opgedateer.
- Hoofskerm > Dier Uitleg > Teelwaardes Tabel: 'n Aanduiding "Genotipeer" is onderaan die lys bygevoeg om aan te dui of genomika in ag geneem is in die berekening van die betrokke dier se teelwaardes.
- Logix Direk > Trek Inspeksies In skerm: 'n Kies Diere (K) kolom en 'n Koppel Diere aan Groep knoppie is bygevoeg. Dit maak dit maklik om bv. afgekeurde diere aan 'n verkoop of uitskot groep te koppel.

## Game module:

- Verslae > Produksie > Horingmates Evaluasie verslag: Familielyn is bygevoeg as opsie om te druk op die verslag.
- My Verslae > Verslag Uitleg: Vader en Moeder se bloedlyn samestelling is bygevoeg.

## Mobile toep:

- BAIE Belangrik: **Die Mobile app met Game spesifieke funksies, o.a. die Pyl Data skerm en toepaslike wild spesifieke opkykskerms, bv. horingmates, nou ook beskibaar vir Apple iOS fone en tablette.** Die Bengufarm Mobile vir GAME toep sal nie verder ontwikkel word nie en die BenguFarm MOBILE sal in die toekoms vir alle modules gebruik en verder ontwikkel word. **Dit word sterk aanbeveel dat GAME gebruikers oorskakel van die ou Mobile vir Game app na die nuwe Mobile app**.

  Om oor te skakel, doen die volgende:
  - Sinchroniseer jou Bengufarm MOBILE vir GAME (asook fotos indien van toepassing) met BenguFarm op die rekenaar.
  - Installeer BenguFarm MOBILE. BenguFarm MOBILE is beskikbaar op die Apple AppStore vir iPhone / i Pad en op die BenguFarm webwerf vir Android gebruikers. Apple gebruikers word gevra om BenguelaSoft te kontak vir 'n terugbetaling van die oorspronklike BenguFarm MOBILE vir GAME aankoop aangesien die Apple App op die Apple Appstore gekoop moet word. Android gebruikers kan bloot die Android weergawe vanaf die BenguFarm webwerf aflaai en installeer.
  - Teken aan op die BenguFarm MOBILE app. Jou gebruikernaam en wagwoord sal dieselfde bly.
  - Sinchroniseer data.

    - Indien jy verkies en seker is jou data is gesinchoniseer na BenguFarm, kan jy die ou Bengufarm MOBILE vir GAME app verwyder.
- Die koppeling van Tru-Test SRS2i en XRS2i EID lesers met Apple iOS (iPhone/iPad) en Android is uitgebrei om BLE koppeling moontlik te maak. Dit is gedoen aangesien met nie-BLE Bluetooth modes koppelings nie altyd bewerkstellig kan word nie.
- By Opsies > Dier Vertoon Subskerms kan 'n gebruiker nou kies watter opkykskerm opsies onder op die Vertoon Diere skerm moet verskyn as gunstelinge ("favourites") en die volgorde waarin opkykskerm gelys word kan ook gekies word. Dit maak die toep meer gebruikersvriendelik.

**Genetics module:**

- Die nuwe Logix teelwaardes is bygevoeg in die Genetics module.
- 'n Foutjie wat kon voorkom in 'n baie spesifieke scenario is reggestel.

# Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules asook die MOBILE toep is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm module se handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse / Engelse Handleiding. Om die MOBILE toep se handleiding af te laai, gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Sinchroniseer BenguFarm MOBILE en kliek op Afrikaanse Handleiding / English Manual. Die handleidings kan ook afgelaai word by www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

# Opleiding opsies

Sukkel jy om behoorlik aan die gang te kom met die BenguFarm program of benodig jy opleiding om dit meer doeltreffend te benut vir dag-tot-dag bestuur, seleksie, teling en bemarking? Oorweeg dan om gebruik te maak van een van die volgende opleidingsopsies:

### Opleidingskursusse:

Sien bengufarm.co.za > Training vir kursusdatums, -plekke en besprekingsvorms met fooie. Indien jy belang stel in opleiding in 'n ander streek, kontak asseblief vir Jolandi de Jager by 083 601 9383 of beefpro@mweb.co.za.

### Individuele opleiding:

Indien jy belang stel in aanlyn opleiding of individuele opleiding op die plaas of by 'n agent se kantoor, kontak asseblief jou BenguFarm agent of Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of bengufarm@gmail.com.

oooOOOooo